

## **RIGLYN VIR PLANT VAN WINGERDE**

### **1. Beplanning**

#### **1.1**

Verkry advies indien nodig en beplan ten minste 5 jaar vooruit watter gronde die beste is vir die variëteit wat geplant moet word.

#### **1.2**

Plaas bestelling vir geënte stokke ten minste 12 maande voordat die wingerde geplant moet word by 'n geregistreerde kweker en dring aan op gesertifiseerde stokke.

#### **1.3**

Volg die bestelling op met die kweker en bevestig dat die bo- en onderstok variëteite en/of klone soos bestel wel geënt is.

#### **1.4**

Besoek die kwekery teen die einde van die groeiseisoen om u van die algehele toestand van die kwekery te vergewis.

---

### **2. Afhaal van stokke by kweker**

#### **2.1**

Kwekerystokke moet in 'n absolute rustende toestand wees wanneer dit by die kweker afgehaal word.

#### **2.2**

Kwekerystokke moet so min as moontlik hanteer word, kort as moontlik opgeberg word en so gou as moontlik geplant word.

#### **2.3**

Reël vooraf 'n datum met die kweker wanneer die stokke afgehaal sal word. Indien warmwaterbehandeling toegepas moet word is die datum uiters krities.

#### **2.4**

Kontroleer dat die regte getal stokke en bo- en onderstok variëteite en/of klone gelaai word soos bestel is.

#### **2.5**

Tydens vervoer moet die kwekerystokke klam gehou word en die grond moet verkieslik nie van die wortels afgewas word nie.

#### **2.6**

Bedek die kwekerystokke met 'n seil indien dit op 'n oop vragmotor vervoer word om uitdroging te voorkom. Voorsorg moet egter getref word dat die stokke onder die seil nie te warm word nie.

---

### **3. Ontvangs op plaas**

**3.1**  
Kontroleer dat die kwekerystokke by ontvangs binne die neergelegde toleransievlak voldoen aan die minimum fisiese vereistes vir geënte stokke soos voorgeskryf ingevolge die SA Plantsertifiseringskema vir Wyndruiwe. Indien die stokke nie voldoen nie moet dit onmiddellik met die kweker opgevolg word.

---

### **4. Opberging voor plant**

**4.1**  
Kwekerystokke wat warmwaterbehandeling ondergaan het, moet so gou as moontlik geplant word, aangesien die warmwaterbehandeling die uitbot van die stokke stimuleer en die kaal wortels die risiko van uitdroging verhoog.

**4.2**  
Kwekerystokke wat nie dadelik geplant word nie, kan met die nodige voorsorg in digte plastieksakke vir 'n paar maande opgeberg word.

**4.2.1**  
Temperatuur beheer en voorkomingsmaatreëls teen swam infeksies is egter noodsaaklik.

**4.2.2**  
Kwekerystokke wat uit koelkamers kom moet minstens 24 uur voordat dit geplant word in water lê.

**4.2.3**  
Temperatuur verhoging na koel opberging stimuleer die uitbot en moet dus so gou moontlik geplant word.

**4.3**  
Kwekerystokke wat ingelê word, moet verkieslik in skaduryke sandgrond ingelê word.

**4.3.1**  
Sand moet met water tussen die stokke ingewas word en die entlaste moet ook met sand bedek wees.

**4.3.2**  
Stokke moet te alle tye klam gehou word.

**4.3.3**  
Inlê persele moet goed gedreineer wees, vermy versuipte of brak gronde.

---

### **5. Tydens plant**

**5.1**  
Stokke moet geplant word, voordat die ogies begin swel of uitbot.

## 5.2

Stokke moet nie geplant word in gronde wat te nat of te droog is nie. Geen vrywater moet in die wortelsone voorkom nie, aangesien die wortels sal terugsterf weens suurstof te kort en verrotting.

## 5.3

Vermyn die uithaal van 'n groot hoeveelheid stokke uit die inlêperseel of koelkamer, aangesien uitdroging 'n groot risiko is. Haal slegs genoeg stokke uit wat gerieflik op een dag geplant kan word. Her-inlê of her-opberging van stokke moet sover moontlik vermy word.

## 5.4

Na uithaal uit die koelkamer moet die stokke minstens vir 24 uur in die water lê voor plant en ingeval van stokke uit 'n inlê perseel moet die stokke na uithaal vir minstens 6 uur in water lê voor plant.

## 5.5

Stokke moet voor plant reg geknip word deur die regopste loot te behou en alle ander lote weg te knip. In gevalle waar die stok voor plant teruggesny word tot 2 oë moet die stok weer tot oor die entlas in entwaks gedoop word.

## 5.6

Stokke moet op die land in klam sakke gehou word en op geen stadium droog word nie.

## 5.7

Plantgate moet groot en diep gemaak word sodat die stokke sonder om die wortels terug te sny geplant kan word. 'n Groot gedeelte van die stok se reserwes is in die wortels gesetel en moet dus behou word om aan die jong stok 'n beter wegspring te verseker.

## 5.8

Stokke moet geplant word met alle wortels wat afwaarts wys en met die entlas ongeveer 50mm bo die grondoppervlakte op gelyk gronde en 100mm in geval van skuins gronde.

## 5.9

Indien die plantgate gladde wande het, moet dit met 'n vurk los gemaak word om wortelverspreiding te bevorder.

## 5.10

Vul die plantgat halfvol met fyn bogrond en trap liggies vas.

## 5.11

Vul die plantgat met water of besproei om wortels deeglik in kontak met die grond te bring.

## 5.12

Vul die pantgat met bogrond op.

### **5.13**

Geen kunsmis, mis, kalk, fosfaat of gips moet in die plantgat toegedien word nie. Alle aanvullende of regstellende bemesting moet voor of tydens grondvoorbereiding gedoen word.

---

## **6. Na plant**

### **6.1**

In gevalle waar slegs een hele loot of een 2 oog tappie gelaat is, moet die stok met 'n molshopie bedek word om uitdroging te voorkom.

### **6.2**

In gevalle waar een hele loot gelos is, moet die loot eers teruggesny word tot 2 oë wanneer die loot op sy punt begin bot.

### **6.3**

In gevalle waar daar plastiek gelê word, kan daar vroeër teruggesny word.

### **6.4**

Wanneer plastiek gelê word moet die grond ook nie te nat of te droog wees nie. Spesiale voorsorg moet getref word teen uitdroging waar daar op plastiek geplant word, aangesien die swart plastiek baie warm kan word en die risiko van uitdroging bo die entlas baie groter is.

### **6.5**

Om uitdroging van die entlas en wortel te voorkom moet die stokke gereeld besproei word in die afwesigheid van reën.

### **6.6**

In geval van drupbesproeiing moet seker gemaak word dat die wortelsone van die jong stokke effektief benat word.

---

## **7. Na sorg**

### **7.1**

Voorsorg moet getref word wanneer die stokke begin bot teen kalanders en ander siekte besmettings.

### **7.2**

In areas waar sterk winde in die groeiseisoen voorkom vind ringelering dikwels op sanderige grond by die grondoppervlakte plaas.

### **7.3**

Mieliekwekers wat die bas afvreet onder die grondoppervlakte kan ook ringelering van die jong stokke veroorsaak..

#### **7.4**

Jong aangeplante stokke moet ook beskerm word teen vreeskade van wildsbokke.

#### **7.5**

Onkruidbeheer moet gereeld toegepas word om kompetisie met die jongstokke te vermy.

#### **7.6**

Indien stokke later ingeboet moet word, moet die plantgate dubbel die grootte van die oorspronklike gate gemaak word.

---

### **8. Probleme na plant**

#### **8.1**

Probleme na plant van 'n jong wingerd moet so gou moontlik opgespoor word.

#### **8.2**

Meld probleme vroegtydig by die kweker aan .

#### **8.3**

8.3 Indien die probleem nie aan die gehalte van die kwekerystokke toegeskryf kan word nie moet advies van 'n wingerdboukundige ingewin word.

---

### **N VAN RENSBURG 24 Januarie 2002**

Saamgestel uit die volgende

1. Albertse G J J en Saayman D, 1989: Vestiging van wingerd: voorbereiding en plant van stokke - Wynboer Julie 1989
2. Bredell P L, 1994: Hantering van kwekrystokke na uithaal uit kwekery - Direktoraat Plant en Gehaltebeheer.
3. Kriel G J le R, 1988: Suksesvolle vestiging van jong wingerde - Wynboer Junie 1988.
4. Louw A W 2001: Ernita Kwekery. Verkoopvoorwaardes 2001: Nederburg Wynplase  
*O/WVV/Riglyne/plant van wingerde*